Invicta HOLDINGS LIMITED

Registrasienommer: 1966/002182/06
(In die Republiek van Suid-Afrika ingelyf)
Aandelekode: IVT • ISIN: ZAE000029773
("Invicta" of "die Groep")

| Inkomste | Bedryfswins | Verdienste per aandeel | Dividend |
|---|---|---|---|
| ↑ 37% | ↑ 21% | ↑ 16% | ↑ 16% |

# ONGEOUDITEERDE TUSSENTYDSE RESULTATE vir die ses maande geëindig 30 September 2012

## Gekonsolideerde verkorte STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

| | Ver-andering % | Ongeouditeer 6 maande geëindig 30 Sept 2012 R'000 | Ongeouditeer 6 maande geëindig 30 Sept 2011 R'000 | Geouditeer jaar geëindig 31 Mar 2012 R'000 |
|---|---|---|---|---|
| Inkomste | 37 | **3 514 126** | 2 563 000 | 5 599 464 |
| Bedryfsinkomste | 21 | **314 709** | 260 915 | 634 585 |
| Rente en dividende ontvang | | **261 980** | 319 698 | 546 947 |
| Finansieringskoste | | **(318 908)** | (351 324) | (598 354) |
| Gedeelte van wins van assosiaat | | **671** | 587 | 1 022 |
| Wins voor belasting | 12 | **258 452** | 229 876 | 584 200 |
| Belasting | | **(21 530)** | (26 204) | (69 572) |
| Wins vir die tydperk | 16 | **236 922** | 203 672 | 514 628 |
| **Ander omvattende inkomste:** | | | | |
| Wins op tesourie-aandele gebruik om aandeel-appresiasieregte te skik | | **16 669** | 19 567 | 15 670 |
| Wins op verkoop van tesourie-aandele aan direkteure | | **–** | – | 9 303 |
| Netto (verlies) wins op verandering in beheer van filiale | | **(2 166)** | 15 452 | 21 347 |
| Valutaverskille in omsetting van buitelandse bedrywighede | | **(1 706)** | 3 624 | 4 763 |
| **Totale omvattende inkomste vir die tydperk** | | **249 789** | 242 315 | 565 711 |
| **Wins toeskryfbaar aan:** | | | | |
| Eienaars van die maatskappy | | **225 880** | 189 286 | 491 596 |
| Nie-beherende belang | | **11 042** | 14 386 | 23 032 |
| | | **236 922** | 203 672 | 514 628 |
| **Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:** | | | | |
| Eienaars van die maatskappy | | **238 274** | 227 412 | 542 255 |
| Nie-beherende belang | | **11 515** | 14 903 | 23 456 |
| | | **249 789** | 242 315 | 565 711 |
| **Verdienste per aandeel (sent)** | 16 | **312** | 269 | 698 |
| **Verwaterde verdienste per aandeel (sent)** | 18 | **298** | 252 | 652 |
| **Bepaling van wesensverdienste** | | | | |
| Toeskryfbare verdienste | | **225 880** | 189 286 | 491 596 |
| Aanpassings | | | | |
| – Netto waardedaling van eiendom, masjinerie en toerusting | | **–** | – | 13 554 |
| – Waardedaling in klandisiewaarde | | **569** | – | 1 137 |
| – Vrystelling van uitgestelde wins op uitreiking van aandele deur filiale | | **–** | (11 610) | (11 610) |
| – Wins op verkoop van belegging | | **–** | – | (5 914) |
| – Netto wins op verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting | | **(13)** | (1 456) | (2 625) |
| Totale aanpassings voor belasting en nie-beherende belang | | **556** | (13 066) | (5 458) |
| Belasting | | **4** | 2 280 | (345) |
| Nie-beherende belang | | **–** | – | (1 800) |
| Totale aanpassings | | **560** | (10 786) | (7 603) |
| **Wesensverdienste** | | **226 440** | 178 500 | 483 993 |
| **Wesensverdienste per aandeel (sent)** | 23 | **313** | 254 | 687 |
| **Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent)** | 25 | **298** | 238 | 642 |
| **Uitgereikte aandele** | | | | |
| Geweegde gemiddeld (000e) | | **72 433** | 70 356 | 70 405 |
| Aan die einde van die tydperk (000e) | | **72 531** | 71 916 | 72 123 |
| Getal aandele gebruik vir verwaterde verdienste per aandeel (000e) | | **75 918** | 74 993 | 75 416 |
| **Wesensverdienste per aandeel (sent)** | 23 | **313** | 254 | 687 |
| **Verdienste per aandeel (sent)** | 16 | **312** | 269 | 698 |
| **Dividend per aandeel* (sent)** | | **89** | 77 | 254 |
| – Tussentyds | 16 | **89** | 77 | 77 |
| – Finaal | | **–** | – | 177 |

** In ooreenstemming met IAS 10 word die tussentydse dividend van 89 sent per aandeel wat deur die direkteure voorgestel is, nie in die tussentydse resultate getoon nie.*

## ANDER INLIGTING

| | Ongeouditeer 6 maande geëindig 30 Sept 2012 R'000 | Ongeouditeer 6 maande geëindig 30 Sept 2011 R'000 | Geouditeer jaar geëindig 31 Mar 2012 R'000 |
|---|---|---|---|
| Netto rentedraende skuld:ekwiteitverhouding (uitgesluit die langtermyn-befondsingskuld gesekureer deur beleggings en lenings) (%) | **35** | 3 | 25 |
| Waardevermindering en amortisasie (R'000) | **33 869** | 27 938 | 61 365 |
| Netto batewaarde per aandeel (sent) | **2 685,4** | 2 433,9 | 2 707,0 |
| Netto tasbare batewaarde per aandeel (sent) | **1 756,4** | 1 939,4 | 2 129,3 |
| Kapitaalbesteding (R'000) | **47 491** | 34 829 | 109 278 |
| Voorwaardelike aanspreeklikhede (R'000) | **–** | 252 | 240 |
| Kapitaalverpligtinge (R'000) | **7 118** | 22 700 | 6 014 |

## Gekonsolideerde verkorte STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

| | Ongeouditeer 30 Sept 2012 R'000 | Ongeouditeer 30 Sept 2011 R'000 | Geouditeer 31 Mar 2012 R'000 |
|---|---|---|---|
| **BATES** | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | **5 202 148** | 4 554 795 | 4 637 190 |
| Eiendom, masjinerie en toerusting | **467 616** | 367 427 | 391 018 |
| Finansiële beleggings en belegging in assosiaat | **3 167 283** | 3 064 579 | 3 042 793 |
| Klandisiewaarde en ander ontasbare bates | **673 859** | 355 628 | 416 606 |
| Finansiële bate, finansiële bruikhuurkontrak en langtermyn- ontvangbare rekenings | **806 015** | 693 520 | 701 776 |
| Uitgestelde belasting | **87 375** | 73 641 | 84 997 |
| **Bedryfsbates** | **3 901 746** | 2 611 883 | 3 722 236 |
| Voorraad | **2 247 242** | 1 304 191 | 2 084 662 |
| Handels- en ander ontvangbare rekenings | **1 134 491** | 896 519 | 869 184 |
| Huidige gedeelte van finansiële beleggings, finansiële bruikhuurkontrak en langtermyn- ontvangbare rekenings | **68 134** | 48 999 | 125 605 |
| Voorafbetaalde belasting | **27 093** | – | 1 694 |
| Banksaldo's en kontant | **424 786** | 362 174 | 641 091 |
| **Totale bates** | **9 103 894** | 7 166 678 | 8 359 426 |
| **EKWITEIT EN VERPLIGTINGE** | | | |
| **Kapitaal en reserwes** | **2 020 009** | 1 805 178 | 2 011 658 |
| Ekwiteit toeskryfbaar aan ekwiteitsaandeelhouers | **1 951 319** | 1 750 379 | 1 952 337 |
| Nie-beherende belang | **68 690** | 54 799 | 59 321 |
| **Nie-bedryfslaste** | **4 845 376** | 4 126 541 | 4 298 580 |
| Langtermynlenings, gewaarborgde terugkoopverpligtinge en finansiële verpligtinge | **4 839 789** | 4 120 805 | 4 293 813 |
| Uitgestelde belasting | **5 587** | 5 736 | 4 767 |
| **Bedryfslaste** | **2 238 509** | 1 234 959 | 2 049 188 |
| Huidige gedeelte van langtermynlenings en gewaarborgde terugkoopverpligtinge | **124 290** | 48 999 | 163 049 |
| Handels, ander bedrae betaalbaar en voorsienings | **2 066 646** | 1 144 318 | 1 804 728 |
| Belastingverpligtinge | **3 307** | 17 442 | 26 328 |
| Bankoortrekkings | **44 266** | 24 200 | 55 083 |
| **Totale ekwiteit en verpligtinge** | **9 103 894** | 7 166 678 | 8 359 426 |

## Gekonsolideerde verkorte STAAT VAN KONTANTVLOEI

| | Ongeouditeer 6 maande geëindig 30 Sept 2012 R'000 | Ongeouditeer 6 maande geëindig 30 Sept 2011 R'000 | Geouditeer jaar geëindig 31 Mar 2012 R'000 |
|---|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | | | |
| Kontant gegenereer uit bedrywighede | **275 746** | 99 273 | 534 218 |
| Finansieringskoste | **(318 908)** | (351 324) | (598 354) |
| Dividend betaal aan groepaandeelhouers en nie-beherende belang | **(136 003)** | (94 580) | (155 633) |
| Aandeel-appresiasieregte uitgeoefen | **(156 228)** | – | (86 932) |
| Wins op verkoop van tesourie-aandele kragtens die direkteursleningskema | **–** | – | 9 303 |
| Wins op aanwending van tesourie-aandele vir skikking van aandeel-appresiasieregte | **16 669** | – | 15 670 |
| Belasting betaal | **(55 895)** | (11 877) | (62 466) |
| Rente en dividende ontvang | **261 980** | 319 698 | 546 947 |
| Netto kontant-(uitvloei)/invloei uit bedryfsaktiwiteite | **(112 639)** | (38 810) | 202 753 |
| **Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite** | | | |
| Netto kontantuitwerking van verkrygings van eiendom, masjinerie en toerusting en ontasbare bates | **(35 531)** | (28 754) | (95 154) |
| Netto kontantuitwerking van ander beleggingsaktiwiteite | **–** | (290 336) | – |
| Verkryging van filiale | **(255 153)** | – | (152 808) |
| Verkryging van nie-beherende belang | **–** | – | (177 525) |
| Toename in langtermyn- ontvangbare rekenings ingesluit huidige gedeelte | **(102 489)** | (75 005) | (335 398) |
| Toename in beleggings | **(80 854)** | – | – |
| Dividend ontvang van assosiaat | **500** | – | 1 100 |
| Tesourie-aandele verkry | **–** | (7 985) | (7 985) |
| Tesourie-aandele verkoop kragtens die direkteursleningskema | **–** | 17 497 | 17 497 |
| Tesourie-aandele aangewend vir skikking van aandeel-appresiasieregte | **24 464** | 19 654 | 16 366 |
| Netto kontantuitvloei uit beleggingsaktiwiteite | **(449 063)** | (364 929) | (733 907) |
| **Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite** | | | |
| Netto kontantuitwerking van lenings verkry | **356 214** | 333 057 | 718 919 |
| Kansellasie van uitgereikte aandele | **–** | – | (10 413) |
| Netto kontantinvloei uit finansieringsaktiwiteite | **356 214** | 333 057 | 708 506 |
| Netto (afname)/toename in kontant en kontantekwivalente | **(205 488)** | (70 682) | 177 352 |
| Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk | **586 008** | 408 656 | 408 656 |
| Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk | **380 520** | 337 974 | 586 008 |

## Gekonsolideerde verkorte STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

| | Ongeouditeer 6 maande geëindig 30 Sept 2012 R'000 | Ongeouditeer 6 maande geëindig 30 Sept 2011 R'000 | Geouditeer jaar geëindig 31 Mar 2012 R'000 |
|---|---|---|---|
| **Aandelekapitaal** | | | |
| Saldo aan die begin van die tydperk | **3 706** | 3 724 | 3 724 |
| Kansellasie van uitgereikte aandele | **–** | – | (18) |
| Saldo aan die einde van die tydperk | **3 706** | 3 724 | 3 706 |
| **Aandelepremie** | | | |
| Saldo aan die begin van die tydperk | **272 320** | 282 715 | 282 715 |
| Kansellasie van uitgereikte aandele | **–** | – | (10 395) |
| Saldo aan die einde van die tydperk | **272 320** | 282 715 | 272 320 |
| **Tesourie-aandele** | | | |
| Saldo aan die begin van die tydperk | **(93 931)** | (119 809) | (119 809) |
| Tesourie-aandele verkoop kragtens direkteursleningskema | **–** | – | 17 497 |
| Tesourie-aandele aangewend vir skikking van aandeel-appresiasieregte | **7 795** | – | 16 366 |
| Tesourie-aandele verkoop (verkry) | **–** | 9 599 | (7 985) |
| Saldo aan die einde van die tydperk | **(86 136)** | (110 210) | (93 931) |
| **Teruggehoue inkomste** | | | |
| Saldo aan die begin van die tydperk | **1 716 222** | 1 391 305 | 1 391 305 |
| Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers | **225 880** | 189 286 | 491 596 |
| Aandeel-appresiasieregte uitgeoefen | **(106 242)** | (4 901) | (67 315) |
| Wins op tesourie-aandele verkoop kragtens die direkteursleningskema | **–** | – | 9 303 |
| Wins op tesourie-aandele aangewend vir skikking van aandeel-appresiasieregte | **16 669** | – | 15 670 |
| Wins op verkoop van tesourie-aandele | **–** | 19 567 | – |
| Toename (afname) in nie-beherende belang | **(2 166)** | 15 452 | 21 347 |
| Dividend betaal | **(128 381)** | (90 234) | (145 684) |
| Saldo aan die einde van die tydperk | **1 721 982** | 1 520 475 | 1 716 222 |
| **Ander reserwes** | | | |
| Saldo aan die begin van die tydperk | **54 020** | 53 330 | 53 330 |
| Aandeel-appresiasieregte uitgereik | **2 395** | 4 511 | 11 433 |
| Aandeel-appresiasieregte uitgeoefen | **(18 674)** | (14 685) | (19 617) |
| Billike waarde van verkoopopsie kragtens die direkteursleningskema | **–** | 4 600 | 4 535 |
| Omsetting van buitelandse bedrywighede | **1 706** | 5 919 | 4 339 |
| Saldo aan die einde van die tydperk | **39 447** | 53 675 | 54 020 |
| Toeskryfbaar aan ekwiteitsaandeelhouers | **1 951 319** | 1 750 379 | 1 952 337 |
| **Nie-beherende belang** | | | |
| Saldo aan die begin van die tydperk | **59 321** | 243 584 | 243 584 |
| Verdienste toeskryfbaar aan nie-beherende belang | **11 042** | 14 386 | 23 032 |
| Gedeelte van valuta-omsettingsreserwe | **473** | 1 170 | 424 |
| Nie-beherende belang verkry gedurende die tydperk | **–** | (202 617) | (202 570) |
| Verandering in nie-beherende belang | **(396)** | – | – |
| Dividend betaal | **(1 750)** | (1 724) | (5 149) |
| Saldo aan die einde van die tydperk | **68 690** | 54 799 | 59 321 |

## SEGMENTINLIGTING

| | Ingenieursbedryf verbruikbares R'000 | Kapitaal-toerusting R'000 | Groep, finansiering en ander bedrywighede R'000 | Totaal R'000 |
|---|---|---|---|---|
| **Ongeouditeer 6 maande geëindig 30 September 2012** | | | | |
| Segmentinkomste | **1 635 046** | **1 682 982** | **196 098** | **3 514 126** |
| Segmentbedryfswins | **174 099** | **148 466** | **(7 856)** | **314 709** |
| Segmentbates | **2 011 529** | **1 713 103** | **5 379 262** | **9 103 894** |
| Segmentlaste | **884 159** | **1 283 480** | **4 916 246** | **7 083 885** |
| **Ongeouditeer 6 maande geëindig 30 September 2011** | | | | |
| Segmentinkomste | 1 301 801 | 1 119 116 | 142 083 | 2 563 000 |
| Segmentbedryfswins | 159 393 | 93 904 | 7 618 | 260 915 |
| Segmentbates | 1 479 687 | 1 071 338 | 4 615 653 | 7 166 678 |
| Segmentlaste | 374 870 | 706 977 | 4 279 653 | 5 361 500 |
| **Geouditeer jaar geëindig 31 Maart 2012** | | | | |
| Segmentinkomste | 2 742 046 | 2 548 888 | 308 530 | 5 599 464 |
| Segmentbedryfswins | 371 458 | 246 783 | 16 344 | 634 585 |
| Segmentbates | 1 723 928 | 1 556 429 | 5 079 069 | 8 359 426 |
| Segmentlaste | 510 138 | 1 295 827 | 4 541 803 | 6 347 768 |

# KOMMENTAAR

### AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE

**Voorbereidingsgrondslag**
Die verkorte finansiële inligting is voorberei in ooreenstemming met die raamwerkkonsepte en die meting- en erkenningsvereistes van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) van die Raad op Internasionale Rekeningkundige Standaarde, die AC500-standaarde soos uitgereik deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde, die inligting soos vereis deur IAS 34: Tussentydse Finansiële Rapportering, die JSE Beperk se Noteringsvereistes en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika. Die verslag is voorberei aan die hand van rekeningkundige beleid wat voldoen aan IFRS en stem ooreen met dít wat in die finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2012 gebruik is, met uitsondering van die aanname van IFRS 9, IFRS 10, IFRS 12, IFRS 13, IAS 1, IAS 12, IAS 16, IAS 27, IAS 28, IAS 32 en IAS 34, en is onder toesig van Craig Barnard CA(SA), die groep- finansiële direkteur, voorberei.

**Verkrygings**
Verkrygings ten bedrae van R394 miljoen is gedurende die tydperk geëindig 30 September 2012 gemaak.

**Gebeure na die verslagdoeningsdatum**
Die Groep het op 15 Oktober 2012 die voornemende verkryging van Kian Ann Engineering Beperk, vir 'n bedrag van ongeveer R1 360 miljoen, aangekondig.

### FINANSIËLE OORSIG

Die Groep het weer eens uitstekende resultate gelewer in markte wat gemengde omstandighede ervaar het. Die industriële verbruikbaresmark in Suid-Afrika (wat deur BMG bedien word) het moeilike handelstoestande ervaar, vererger deur arbeidsonrus in die mynbou- en die vragvervoersektor. Betreklik beter toestande het geheers in die markte vir kapitaaltoerusting (wat deur CEG bedien word), met 'n volgehoue vraag vir produk, veral in die mark vir landboumasjinerie.

Groepomset het met 37% tot R3,514 miljard gegroei, waarvan R323 miljoen (13%) deur verkrygings bygedra is. Margedruk, die verkryging van besighede met 'n laer bruto marge en inflasionêre stygings in koste het tot gevolg gehad dat bedryfsinkomste met 21% tot R315 miljoen gegroei het.

Wins vir die tydperk het met 16% tot R237 miljoen gestyg, terwyl wesensverdienste per aandeel met 23% tot 313 sent per aandeel gegroei het. Bedryfskapitaalbestuur was goed en het kontant van R276 miljoen uit bedrywighede gegenereer, 'n styging van R99 miljoen in vergelyking met die ooreenstemmende tydperk verlede jaar.

Op 15 Oktober 2012 het die Groep die voornemende verkryging van Kian Ann Engineering Beperk (Kian Ann) aangekondig. Kian Ann, wat op die Effektebeurs van Singapoer genoteer is, is 'n groot verspreider van onderdele vir swaar grondverskuiwingstoerusting-onderdele asook vir dieselenjins en het 'n jaarlikse omset van meer as R1,1 miljard. Die Kian Ann-verkryging sal die Invicta-groep na die internasionale vlak van verspreiding van hierdie produkte neem, aangesien Kian Aan aan meer as 50 lande wêreldwyd lewer. Die transaksie is onderhewig aan verskeie opskortende voorwaardes wat na verwagting vroeg in 2013 afgehandel sal wees.

Die Groep gaan voort om voordeel te put uit plaaslike groeigeleenthede en het 'n aantal strategiese verkrygings ten bedrae van R394 miljoen gemaak. Die beduidendste hiervan was die verkryging deur BMG van Man-Dirk, 'n toonaangewende verspreider van gereedskap en toerusting aan die mynbou- en die nywerheidsektor.

Die Groep het ook onlangs 'n kapitaalverkryging van minstens R600 miljoen onaflosbare voorkeuraandele aangekondig ten einde sy ekwiteitsbasis te verstewig.

### BEARING MAN GROUP (BMG)

BMG het moeilike handelstoestande gedurende die oorsigtyd ervaar. Die stakings in die mynboubedryf het ook etlike ondersteuningsbedrywe benadeel. In die tydperk was daar ook 'n verswakking in die staal- en outomobiel-sektore, beduidende marksegmente vir BMG. BMG se inkomste het desondanks met 26% gegroei waarvan 12% organies was en 14% deur verkrygings bygedra is.

Bruto marges het onder druk gebly terwyl plaaslike inflasionêre druk 'n toename in bedryfskoste tot gevolg gehad het. Bedryfswins het gevolglik met slegs 9% gestyg. Hiervan was 2% danksy organiese groei.

BMG het twee beduidende verkrygings gedurende die tydperk gemaak. OMSA, 'n toonaangewende speler in masjienolie- en filtreringstelsels met 'n sterk teenwoorwoordigheid in buitediens, is met ingang 1 April 2012 verkry. Man-Dirk, 'n toonaangewende verspreider van gereedskap en toerusting aan die mynbou- en die nywerheidsektor, is van 1 Augustus 2012 oorgeneem. Albei hierdie verkrygings verstewig BMG se produkbreedte en diensdiepte.

BMG herposisioneer voortdurend sy aanbod van produkverskaffing na tegniese waarde-toegevoegde oplossings en dienste aan klante.

BMG bly 'n toonaangewende speler in die bedrywe waarin hy sake doen en 'n beduidende winsskepper in die Invicta-groep.

### CAPITAL EQUIPMENT GROUP (CEG)

Die Capital Equipment Group (CEG) het gedurende die oorsigtyd uitsonderlike resultate gelewer. Inkomste het met 50% tot R1,68 miljard gestyg en bedryfswins met 58% tot R148 miljoen. Organiese groei het 37% tot inkomste en 38% tot bedryfswins bygedra. Alle verkrygings het bo verwagting gepresteer.

Die oorsigtyd het stadig begin, maar die vraag na kapitaaltoerusting in alle sektore het gelykmatig maand na maand toegeneem om 'n hoogtepunt te bereik met die beste resultate ooit in die eerste helfte van 'n jaar. Alle afdelings het goed gevaar, veral diens en onderdele, wat voortgegaan het om 'n sterk platform vir volhoubaarheid en groei in CEG, te skep.

Die geannualiseerde opbrengs op netto bates aangewend was 69%. CEG se voorraadvlakke was bevredigend en binne die Groep se parameters. Bedryfskapitaalbestuur bly 'n sleutelfokus van bestuur en is goed onder beheer.

Verdere kapitaalbeleggings word vir die res van die jaar beplan. Dit sluit in die vergroting van die sentrale onderdele-verspreidingspakhuis en 'n ontvangs- en monteerfabriek in die Durban-streek.

CEG gaan voort om beter as sy norm te presteer en om 'n groot bydraer tot Invicta te wees.

### ANDER BEDRYWIGHEDE

Tiletoria is nou gevestig en lewer bevredigende winste. Dit groei gelykmatig en hoewel die maatskappy nog nie 'n wesenlike bydrae tot die Groep lewer nie, is 'n verkryging in die bou-materiaalsektor op hande wat Invicta se teenwoordigheid in hierdie sektor sal vergroot en 'n platform vir verdere groei sal verskaf.

### VOORUITSKOUING

Handelstoestande in die sektore waarin die Groep sake doen, blyk dieselfde pad as in die eerste helfte van die jaar te volg. Die stakings in die mynbedryf het grootliks afgeneem, hoewel sommige myne steeds oproerigheid ervaar. Vertroue in die mynbousektor het egter 'n terugslag beleef en bestuur verwag dat dit 'n tyd sal duur voor sake na normaal terugkeer. Saketoestande in die sektor vir landboumasjinerie behoort sterk te bly. Daarenteen is die klimaat in die sektor vir konstruksiemasjinerie gedemp, maar is bestendig.

Daar word verwag dat weens die verswakking en onbestendigheid van die rand die druk op marges sal voortduur, aangesien dit moeilik is om in die huidige klimaat die onvermydelike prysverhogings op kliënte af te wentel.

Die strategiese verkryging van Kian Ann behoort vroeg in 2013 afgehandel te wees. Hierdie oorname is die eerste stap in die Groep se strategie om sy basis buite die grense van Suid-Afrika uit te brei ten einde sy historiese groei te kan handhaaf deur nuwe markte te ontgin.

Die Direksie het volle vertroue vir die voortgesette welslae van die Groep. Die vooruitskatting is nie deur die Maatskappy se ouditeure nagegaan of oor verslag gelewer nie.

### DIVIDEND

Die Direksie het 'n tussentydse bruto dividend van 89 sent per gewone aandeel verklaar.

Die dividend sal onderhewig wees aan die nuwe Dividendbelasting, wat van 1 April 2012 geld. In ooreenstemming met paragrawe 11.17(a)(i) tot (x) en 11.17(c) van die JSE Noteringsvereistes word die volgende bykomende inligting bekend gemaak:

- Die dividend is uit inkomstereserwes verklaar;
- Die plaaslike Dividendbelastingkoers is 15% (vyftien persent);
- Krediete van 89 sent per aandeel ten opsigte van Sekondêre Belasting op Maatskappye (SBM) sal aangewend word;
- Die bruto plaaslike dividendbedrag is 89 sent per gewone aandeel vir aandeelhouers wat vrygestel is van dividendbelasting;
- Die bruto en netto plaaslike dividendbedrag is 89 sent per gewone aandeel vir aandeelhouers wat aanspreeklik is vir betaling van dividendbelasting;
- Invicta Holdings Beperk het 74 112 523 uitgereikte gewone aandele (netto van 1 581 167 tesourie-aandele); en
- Invicta Holdings Beperk se inkomstebelasting verwysingsnommer is 9400/012/03/6.

In voldoening aan die vereistes van Strate, is die volgende datums van toepassing:

| | |
|---|---|
| Laaste dag om "MET" dividend te verhandel | Vrydag, 30 November 2012 |
| Eerste dag om "SONDER" dividend te verhandel | Maandag, 3 Desember 2012 |
| Rekorddatum | Vrydag, 7 Desember 2012 |
| Betaaldatum | Maandag, 10 Desember 2012 |

Aandeelsertifikate mag nie gedematerialiseer of gehermaterialiseer word van Maandag, 3 Desember 2012, tot en met Vrydag, 7 Desember 2012 nie, albei dae ingesluit.

Op las van die Direksie

**C Barnard**
*Sekretaris*

Kaapstad
9 November 2012

**Geregistreerde kantoor:** Invicta Holdings Beperk, 3de verdieping, Pepkorgebou, Stellenbergweg 36, Parow Industria, 7493 • Posbus 6077, Parow-Oos, 7501

**Oordragsekretaris:** Computershare Investor Services (Edms) Bpk, Grondvlak, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001 • Posbus 61051, Marshalltown, 2107

**Direkteure:** Dr CH Wiese* (Voorsitter), A Goldstone (Besturend), C Barnard, AK Masuku^#, J Mthimunye^, DI Samuels^, LR Sherrell*, AM Sinclair, CE Walters, adv JD Wiese*
** Nie-uitvoerend # Plaasvervangend ^ Onafhanklik nie-uitvoerend*

**Borg:** Deloitte & Touche Sponsor Services (Edms) Bpk

GRAPHICULTURE

BMG BEARING MAN GROUP

CEG CAPITAL EQUIPMENT GROUP

www.bmgworld.net

www.capitalequipmentgroup.co.za

www.invictaholdings.co.za